

BENUT ELKE OOMBLIK



Psalm 90:12: "Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom."

As mens gesond is, het jy te min tyd om alles te doen wat jy moet.

As jy siek is, het jy te veel tyd.

Die ure sleep verby.

Soms word minute ondraaglik lank as jy moet wag vir jou volgende pynstiller.

So tel jy jou lewensminute af.

Miskien dink jy dat dit verlore tyd is wat jy hier moet deurbring.

Eintlik is dit 'n geleentheid om te besin oor hoe jy jou tyd gebruik:

- waarmee jy jou dae deurbring;
- wat die kwaliteit van jou lewe is.

Die siekte het jou tot stilstand gedwing met die besef dat die lewe baie kortstondig is:

"Ons jare (skiet) verby soos 'n gedagte" (vs. 9).

Daarom moet jy elke geleentheid goed gebruik.

Die lewe is gou verby.

Dan kan jy niks meer regmaak wat verkeerd gegaan het nie.

Dan moet jy voor die Here staan om te sê hoe jy jou tyd gebruik het.

Daarom is die aftel van jou lewensdae nie 'n betekenislose aktiwiteit nie.

Die bedoeling is dat jy wysheid sal bekom.

Wysheid kry jy slegs as jy die Here dien.

Psalm 111:10: "Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen het ware insig"

Eers as jy die Here dien deur alles wat jy doen, maak jou lewe sin.

Anders kan jy jou ten gronde werk en jy sal nog onvergenoeg en gefrustreerd bly.

Efesiërs 5:15: "Wees versigtig hoe julle lewe ... maak die beste gebruik van elke geleentheid ... Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen"

Die lang ure in die hospitaal kan baie waardevolle tyd wees as dit jou kan leer om te besin oor:

- Die wyse waarop jy voor die Here leef
- Die kwaliteit van jou verhouding met God
- Die kwaliteit van jou verhouding met jou vrou/man/ kinders
- Die tyd wat jy met die Bybel deurbring
- Die tyd wat jy aan gebed bestee.
- Moenie tyd verkwis nie.



Publikasie
Publication



Nr./No.: H02